**19 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 16:1-13**
**Fokusgedeelte: Lukas 16:8**

## Oneerlike bestuurder?

Die gelykenis in Lukas 16:1-13 is ’n moeilike gelykenis. Só moeilik dat sommige verklaarders erken dat hulle niks hiervan verstaan nie.
Die ongewone storie (gelykenis) by geleentheid uit die mond van Jesus. Die slim bestuurder wat oneerlik was, maar tog die kenmerke van ’n uitstekende bestuurder geopenbaar het. Oneerlik, maar uitstekend ... Verkwister van sy werkgewer se eiendom. Die werkgewer wat hom afdank. En ten alle verwagtinge in: die werkgewer wat die bestuurder prys vir wat hy gedoen het, nadat hy afgedank is.
Die oneerlike bestuurder word vir sy inisiatief geprys. Vreemd, maar waar. Want die bestuurder kon op sy voete dink. Afgedank, maar hoegenaamd nie afgesit nie.
Uitgeslape ... Hy het geweet hy sou nie maklik ander werk kry nie. Daarom onderhandel hy ’n blink idee met die mense wat sy baas geld geskuld het. Dit het hom in daardie mense, wat ryk was, se goeie boekies laat beland en waarskynlik gesorg dat een van hulle hom sou aanstel.
En Jesus sê die werkgewer het die oneerlike bestuurder geprys vir die slim ding wat hy gedoen het. Inderdaad, *“die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig”*. En met Jesus se woorde in vers 10-12 in gedagte te besef: Is ek nie dalk ook iets van ’n oneerlike bestuurder nie? Altyd gereed met ’n slim plan oor die dinge van die elke dag se lewe, maar planloos oor my geestelike lewe ...?
Here, begenadig my om Christus wil met heilige inisiatief. Slimmer as die mense van hierdie wêreld. Kind van die lig. Eerlik in my bestuur van die ware rykdom aan my toevertrou.

*Sing: Psalm 25:2 (1936)* *Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)*